# Hoofstuk van die dag: Josua 18

> *Josua het vir die Israeliete gesê: “Hoe lank gaan julle nog talm voor julle die land in besit gaan neem wat die Here die God van julle voorvaders aan julle gegee het?” (vers 3)*

Uit die manier waarop die verhaal vertel word, is dit duidelik

dat die sewe oorblywende stamme nie juis gretig was om hulle deel te doen nie. Dit lyk asof die Juda-stam (Jos. 15) en die Josef-stamme (Jos. 16 en 17) hulle gebiede eerste gekry het omdat hulle gereed was om dit te ontvang. Die ander stamme het gesit en wag dat alles in hulle skoot val, sodat Josua genoodsaak was om hulle skerp tereg te wys.

Die stamme se traagheid het neergekom op ongehoorsaamheid en ’n gebrek aan geloofsvertroue. Eers toe die Here by monde van Josua ingryp en die inisiatief neem, kom hulle in beweging. Dit is, helaas, vandag nog so. As God nie telkens ingryp in ons lewe nie, sal ons traag en gemaksugtig word. God wil jou help om met geloofsmoed verantwoordelikheid vir jou lewe te neem. In Joh. 15 sê Jesus mos dat ons reg gesnoei word sodat ons meer vrug kan dra. Dan kan ons die volle voordeel en vreugde van sy beloftes smaak.

© Bybelkoerant 2018 – 2026